Kommunikasiebeleid Rijk Tulbagh Privaat Skool

Kommunikasie-mediums:
Die volgende platforms word gebruik:

1. D6+
2. Spesifieke Whatsapp-groepe deur skool gestig
3. Algemene briewe
4. E-pos na skool
5. Oproep na skool
6. Klasverteenwoordiger

Let wel dat sekere mediums vir sekere funksies gebruik word en nie in alle gevalle nie.

D6+:

1. Alle amptelike skoolinligting rakende daaglikse aktiwiteite (akademie, sport, kultuur en sosiaal) sal deur D6+ vanaf skool kommunikeer word
2. Ouers kan navrae en kennisgewings aan onderwysers stuur, maar dit sal slegs aandag geniet binne skooltye.

Whatsapp-groepe: (op skool se selfoon)

1. Whatsapp-groepe sal gestig word deur onderwysers vir spesifieke doele, soos bv. Koor of Sportdag-reëlings, dit sal dan deur betrokke onderwyser bestuur word en na afloop van spesifieke doel, sal dit verwyder word.

2. Met sport- en kulturele geleenthede waar ouers of onderwysers bereik moet word op kort kennisgewing, sal die skool se selfoon by

Kopiereg Rijk Tulbagh Privaat Skool

FEDSAS

die onderwyser wees en ouers kan daarnatoe ‘n boodskap stuur of bel.

3. Let wel dat hierdie foon nie beman word nie, behalwe vir spesifieke geleenthede. Moet dus nie algemene navrae of dringende boodskappe hierop kommunikeer nie.

Algemene briewe:

Sal vanaf skool uitgestuur word vir ondertekening of kennisname.

E-pos na skool:

E-posse kan na skool gerig word vir onderwysers, hoof of algemene reëlings tov skoolsake na adminrtps@breede.co.za en sal binne skool-ure aandag geniet.

Oproep na skool:

Oproepe kan weeksdae na skool se landlyn gemaak word tydens skoolure vir dringende reëlings of vrae. ‘n Boodskap kan by die skool se kantoor gelos word vir ‘n juffrou of leerder gedurende skooltye. Kontaknommer gedurende skooltye is 023-1004820.

Klasverteenwoordigers:

Register-onderwysers sal met klasverteenwoordigers kontak maak deur middel van enige van die bogenoemde mediums of ‘n afspraak reël, om spesifieke funksies te help reël in klasverband van tyd tot tyd. Die klasverteenwoordiger sal ouers kontak dmv ‘n medium waarmee die klas se ouers gemaklik is, maar alle kommunikasie van klasverteenwoordiger en onderwyser sal dmv een van bogenoemde mediums geskiet.
LET WEL: die doel van die klasverteenwoordigers is NIE om ‘n spreukbuis vir die ouers te wees nie, NET vir praktiese doeleindes tov reëlings.

ALLE KOMMUNIKASIE-MEDIUMS WORD TE ALLE TYE MET WEDERSYDSE RESPEK GEBRUIK. INDIEN ENIGE IEMAND NIE BY DIE REëLS HOU NIE, BEHOU DIE SKOOLHOOF DIE REG OM DIE OUER AAN TE SPREEK EN VANAF GROEP

Kopiereg Rijk Tulbagh Privaat Skool

TE VERWYDER, INDIEN DIT NODIG IS. GEEN ONDERWYSER HOEF ENIGE KOMMUNIKASIE BUITE HIERDIE RAAMWERK OF TYE TE BEANTWOORD NIE. RIJK TULBAGH PRIVAATSKOOL NEEM GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR ENIGE ANDER VORM VAN KOMMUNIKASIE OF ENIGE PLATFORM OF GROEP WAT NIE AAN DIE SKOOL BEHOORT EN VOLGENS HIERDIE BELEID BESTUUR WORD NIE.

WYSIGING VAN HIERDIE BELEID:

1. Enige bepalings in hierdie beleid mag by 'n SBL vergadering gewysig word onderworpe daaraan dat:

1.1 die lede van die SBL kennis gegee is van die sodanige voorgenome wysiging minstens een week voor die vergadering waartydens die voorgenome wysiging sal dien;

1.2 redelike besonderhede van die voorgenome wysiging verskaf moet word saam met die kennisgewing voormeld;

1.3 enige wysiging van die beleid goedgekeur moet word deur ten minste twee derdes van al die stemgeregtigde lede van die SBL.

2. Sodanige beleid en reël is nie deel van die Grondwet nie, die Grondwet is die gewigdraende dokument en sal enige ander dokument oorskadu.

Kopiereg Rijk Tulbagh Privaat Skool